

26 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 35
Fokusgedeelte: Jeremia 35:5-19

Gehoorsaamheid is beter as offerande

Die volk van die Here het die tempel gereeld besoek, die Woord van die Here gereeld gehoor en hul offers aan die Here gebring. Tog het die Here geen behae daarin gehad nie, omdat hulle nie gehoorsaam was nie. Jonadab se geslag het as tentbewoners in die veld gewoon. Hulle het die tempel seker selde besoek, maar was 'n voorbeeld van gehoorsaamheid. Geen versoek, selfs van 'n profeet van die Here, kon hulle van hul gehoorsaamheid aan hul voorvader Jonadab laat afwyk nie. As hulle aan 'n mens se woord so gehoorsaam kan wees, hoeveel te meer dan nie aan die Woord van die Here nie? Ons is gehoorsaam aan die wet van die land waarin ons woon, maar aan die wet en wil van die Here wat hierdie land aan ons gegee het en wat ons daaglik onderhou, is ons soms so maklik ongehoorsaam. Ons besoek die kerk gereeld en hoor die Woord van die Here, maar is nie altyd daaraan gehoorsaam nie. Ons het geen verskoning vir ons ongehoorsaamheid nie. Ons hoor nie net die woord gereeld nie, maar ons het ook die Heilige Gees wat in ons woon en ons gedurig tot gehoorsaamheid aanspoor. Hoeveel te meer is ons dan nie skuldig voor die Here nie? En dit terwyl die verlossing in Christus nie net 'n belofte is nie, maar reeds vir ons 'n werklikheid aan die kruis geword het.

Sing: Psalm 119:34

Ds DL de Beer (Emeritus)